



Dié nalatenskap vereis regstelling

EK wil vir Naas Viljoen (Brieweblad, 2/6) sê waarom regstellende optrede noodsaaklik is en wat daarmee bereik behoort te word. Ek beperk my tot die periode ná 1910.

Die Wet op Grondbesit (1913) was daarop bereken om 'n groot deel van die Afrikane tot 'n verarmde proletariaat te reduseer sodat hulle geen ander keuse gehad het as om tot die 1970's teen uitbuitingslone in Britse myne en op (hoofsaaklik) Afrikaner-plase te werk nie.

Afrikane is ook verbied om grond buite die natuurreservate (8% van die land se oppervlakte) te besit. 'n Plaas wat in 1913 R1 000 werd was, sal vandag R140 000 werd wees – bloot vanweë inflasie.

Dr. Verwoerd se addisionele instromingsbeheerwette (1952) het 'n nog groter deel van die Afrikane gereduseer tot “arbeidseenhede” wat so gemanipuleer is dat hulle gedweë en goedkoop arbeid gebly het tot in die 1970's. Van 1952 tot 1986 is 12 miljoen Afrikane krimineel vervolgd omdat hul “dompasse” nie in orde was nie.

'n Veelheid van diskriminerende wette is sedert 1911 in die wetboek geplaas om arm blankes (hoofsaaklik Afrikaners) teen swart mededinging te beskerm.

Die per capita-besteding op Afrikaankinders se onderwys het – as 'n persentasie van die per capita besteding op wit kinders – van 13% in 1953 tot 4% in 1975 gedaal en ná Soweto tot 22% in 1990 gestyg. Geen wonder dat 34% van alle volwasse mans steeds ongeletterd is nie.

Die effek was dat wit mense onverdiend verryk is en die Afrikane onverdiend verarm het.

In die periode van stagflasie van 1974 tot 1994 het die inkomste van die onderste helfte van die Afrikane heelwat gedaal. Sedertdien het hulle ongelukkig nog armer geword. Hoewel die ANC-regering

heelwat meer op maatskaplike dienste vir armes bestee, bestee hy nie genoeg om die volhoubare armoede om te keer nie.

Die aaklige nalatenskap van kolonialisme en apartheid – waarin 60% van die swartes steeds vasgevang sit – staan in skrilte teenstelling met die relatiewe rykdom (en selfs weelde) waarin minstens 85% van die wittes en minstens 20% van die swartes tans leef.

Die regering het met sy regstellende programme die lewensomstandighede van die boonste kwart van die swartes aanmerklik verbeter. Dit is dringend noodsaaklik dat die fokus nou na die verligting van die armoede van die onderste 25 miljoen moet verskuif en dat jaarliks 'n addisionele R30 miljard aan hul opheffing bestee sal word.

As Viljoen, Koos du Toit, P.B. Malherbe en ander meen dat hierdie aaklige nalatenskap van kolonialisme en apartheid nie regstellende maatreëls vereis nie, is dit 'n saak vir hul gewete.

SAMPIE TERREBLANCHE
Stellenbosch

Rit word angswekkend

AS daar ooit ware woorde was, is dit Hermann Giliomee se uitspraak in “Goniwe-stellings laat SA soos eenpartystaat lyk” (DB, 31/5): “Watter mandaat het hierdie ander kommunikeerders om namens die Afrikaanse gemeenskap te praat?”

Dieselfde geld vir sy stelling – in die berig “Afrikaans kry minder steun, sê Giliomee” (DB, 1/6) – dat: “Afrikaners glo hulle word bedreig soos ná die Boereoorlog.”

'n Ander verontrustende verskynsel is hoe werklik kundiges oor 'n verskeidenheid van onderwerpe grondige voorleggings in dié kolomme doen met die naïewe geloof dat hierdie 'n moderne, Westerse liberale demokrasie is. Wat dit nie is nie. Soos in Rusland onder Stalin (tussen die wêreldoorloë) gedurende die “suiwerings” en “heropvoeding”.